

Kan dié erfenisentrum wees?

**Dr. Marthinus J.S. Jordaan,
Universitas**

Ek verwys na die hoofberig (07.06) "Sentrum word by 'Dam van Trane' beplan".

Die artikel verwys vele keer na 'n erfenisleefstylsentrum asook 'n klein museum vir artefakte wat dalk uit die grond kom. Daar word ook genoem dat die hoofkomponente van die projek van multimiljoenrand 'n inkopiesentrum met 'n hotel en hospitaal gaan wees.

Die eerste vraag ná die lees van die artikel is: Kan dit 'n erfenisleefstylsentrum wees met dié drie hoofkomponente? Is die ontwikkelaars seker van hul woordkeuse?

Is dit regtig die beste wat Bloemfontein kan bied in die veranderende wêreld waarin ons leef ten opsigte van erfenisbewaring?

Die area waar die ontwikkeling beplan word, is sekerlik een van die prima-gebiede vir ontwikkeling in Bloemfontein. Hierdie potensieële ontwikkeling kan ons op die wêreldkaart plaas, in meer as een opsig, maar o weë, daar is 'n mistasting rondom die

tema "erfenis".

Die eerste versoek aan die ontwikkelaars en die munisipaliteit, wat sekerlik 'n tydperk gaan toelaat vir kommentaar van die publiek, is tweeledig.

Aangesien die hoofberig verwys na 'n erfenisleefstylsentrum en klein museum, wil ek die ontwikkelaars vra: Verander asseblief jul beplande sentrum se naam na iets meer toepaslik, maar moenie die woord "erfenis" misbruik in jul bemarking nie.

Die verwysing na 'n "klein museum" laat ook 'n wrang smaak, asook die toevalligheid van artefakte pleks van 'n goed beplande ontwikkeling met die hulp van kundige argeoloë. Daar is geen verwysing na 'n interpretasiesentrum nie.

'n Tweede versoek is dat die beplande projekbestuurders opsteek by internasionaal erkende erfenisterreine om sodoende die terrein se volle potensiaal te ontsluit.

'n Goeie beginpunt sal wees om die Wêreld-toerismeorganisasie se kriteria vir kulturele erfenis te bestudeer.